oopmond_INNER.indd 1 2019/07/15 09:08

Vir Ma Babs, die vrydenker wat my
op haar moedersknie vir die eerste
keer aan die dink gesit het.

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel. 012 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za
© Teks: Jan Vermeulen 2019

Geset in 12 pt op 18 pt Formula
Omslagontwerp deur Zinelda McDonald
Grafiese uitleg deur Full Circle
Gedruk en gebind deur Novus Print, 'n afdeling van Novus Holdings

Eerste druk 2019

ISBN 978 0 7993 8931 9

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag
op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike
toestemming van die kopiereghouers nie.



JAN
VERMEULEN

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za

oopmond_INNER.indd 3 2019/07/15 09:08

oopmond_INNER.indd 4 2019/07/15 09:08

1

Die afsitter se skoot eggo tussen die pawiljoene.

Madelaine Taaibosch se eerste wedloop sedert haar hartoorplanting begin teen 'n ligte suidooster. Sy spring saam met nog sewe middelafstandatlete weg.

In die eerste draai voel sy 'n pynlike steek tussen haar blaaie.

Nie weer nie, Here, bid sy. *Asseblief, nie weer nie*.

Vir 'n oomblik is sy so duiselig dat sy amper op die tartanbaan struikel. Sy herwin haar balans, maar sy het reeds na die agtste plek teruggesak. Sy is nou twee treë agter die bondel.

Natalie Korf met die lenige lyf en blonde seunsnit is los voor.

"Natalie het haar hartoorplanting gehad toe sy net veertien jaar oud was," het coach Vaughn vir Madelaine gesê. "Sy hou die rekord vir die vinnigste 5 000 meter-wedloop vir oorplantingsatlete in die land. As jy ernstig is hieroor, is sy die een wat jy sal moet klop. Maar onthou, dit het haar vier jaar gevat om tot hier te kom. Jou nuwe hart sit nou maar eers sewe maande in jou borskas."

"Ek is reg hiervoor." Madelaine het haar lang, swart kartels in 'n stywe poniestert gebind. "Ek gaan haar en al die ander hel gee."

"Nee, vat dit kalm. Ons bou nog jou krag op," het haar afrigter geprotesteer.

oopmond_INNER.indd 5 2019/07/15 09:08

"Op die baan weet ek nie van kalm vat nie, Coach," het sy hom uitgedaag.

"Asseblief, Madelaine, vandag moet jy net in jou eie tyd klaarmaak. Dis ons eerste doelstelling."

Die wind stoot uitdagend teen haar lyf. Ten spyte van die borspyn, sweef haar kaal voete ritmies oor die baan. Sy probeer byhou, maar haar bene voel lamme-rig. Teen die volgende draai sak sy nog 'n paar treë uit.

Hier is groot fout.

Swart spikkels dryf om haar, presies soos daardie dag drie jaar gelede. Ná amper 5 000 meter was sy los voor toe 'n verwoede borspyn en duiseligheid haar met-eens oorval het. 'n Paar treë van die wenstreep af het sy bewusteloos op die baan neergeslaan. Hartstilstand.

Sy voel nou weer soos daardie dag.

Maar ek het 'n nuwe hart, motiveer sy haarself. *Ek is 'n 5 000 meter-kampioen. En dié is net 1 200 meter. Ek is nog net bietjie onfiks, dis al.*

Tog swel die spikkels met elke tree tot groot, swart ballonne. Pyn swerf van haar kakebeen af tot in haar linkerarm.

Sy loer na die rumoerige pawiljoen. Haar pa en ma is daar iewers in die skare. Stian het belowe hy sal be-tyds wees, maar net voor die wegspring was hy nog nie hier nie. Dit het haar eerste pyn veroorsaak, besef sy.

Wendy Kruger se rooikop is wel langs die baan. Sy knak oor die versperring en wuif vir Madelaine. "Hou, bene, hou!" lag sy met pienk kougom in die mond. "Komaan, Vriendin!"

oopmond_INNER.indd 6 2019/07/15 09:08

Coach Vaughn huppel 'n paar treë in die binneveld saam met Madelaine. Hy swaai sy fluitjie driftig aan die tou om sy vinger.

Sy voltooi die eerste rondte.

Om die draai begin sy effens beter voel. Sy versnel. Haar bene ignoreer haar afrigter se stem in haar kop wat sê sy wil te veel te vinnig vermag.

Die afstand tussen haar en die bondel krimp drasties. Om die volgende draai glip sy by vier atlete verby. Die pawiljoen dreun toe sy reg voor hulle die atleet in die derde plek ook verbysteek.

Natalie Korf is nog gemaklik voor.

Madelaine ruk van die skrik toe die baanbeampte die klok vir die laaste rondte langs haar lui. Die adrenalien pomp deur haar are. Om die draai raak haar kaal voete skaars aan die tartan.

Die suidooster raak omgekrap. Die pyn tussen haar blaaie vlam weer op toe sy verby die atleet seil wat in die tweede plek is. Nou lê Natalie Korf en 'n halwe rondte voor, maar Natalie is reeds in die laaste draai.

Madelaine rek haar treë en roei met haar arms. Die pyn in haar bolyf klem om haar hart. Sy haal net vlak asem. Die swart ballonne is terug. Die pyn in haar linkerarm ook.

Om die laaste draai.

In die pylvak.

Ver voor haar hinkepink Natalie skielik. Dit lyk na die klassieke tekens van 'n dyspier wat lol.

Madelaine sien hoe die mense op die pawiljoen die

oopmond_INNER.indd 7 2019/07/15 09:08

een ná die ander orent begin kom toe sy die blondekop vinnig inhaal. Maar sy voel ook hoe versprei die onwillige-spier-sindroom deur haar lyf.

Sonsverduistering.

Koue sweet.

Borspyn.

Elke sel in haar liggaam verloor meteens elke greintjie energie.

Sewe maande ná die oorplanting laat haar nuwe hart haar in die steek. Akute verwerping. Dis die gedagtes wat deur haar kop flits.

Haar knieë swik.

Swaartekrag wen. Sy tref die tartan met haar elmboë en rol oor die baan tot waar sy kragteloos bly lê. 'n Doodse stilte daal oor die pawiljoen.

Voete en bene skarrel om haar. Iemand kniel langs haar.

"Medics!"

Sy begin sweef en sien haarself vanuit die lug op die tartanbaan lê.

"Ambulans!" roep iemand.

'n Helder lig flits deur haar brein. Silhoeëtte van mense dans om haar. Sy is terug in haar liggaam, maar dit raak donker om haar.

"Sy gaan dit nie maak nie."

Haar ooglede fladder. Sy is nou in 'n bewegende ambulans.

"Hoe ver nog?" vra die man wat oor haar buk.

"'n Halfuur," kom die antwoord.

oopmond_INNER.indd 8 2019/07/15 09:08

"Dis te lank."

Dan hoor sy 'n meisiestem. "S'il vous plaît se battre, Madelaine."

Veg asseblief, Madelaine.

Sy dwing haar oë oop. 'n Meisie in 'n glansende wit hoepelrok staan by haar voete. Haar gekartelde roesbruin hare golf oor haar skouers. 'n Helderrooi edelsteen roer teen haar hals.

Alles raak uit fokus.

"Ons verloor haar ..."

Haar ooglede val toe.

Koue metaalvoete skop teen haar bors. Haar hart vibreer. Nog 'n skop.

Sy dwing haar oë oop.

Sy is nie meer in die ambulans nie.

'n Klomp TV-monitors hang aan verchroomde arms bokant haar.

'n Span mediese maskers en ywerige groen hande is doenig met haar. Sy besef hulle doen 'n biopsie. Teen die muur sien sy die digitale syfers van 'n horlosie: dit is 22:13.

Die wedloop het net ná eenuur begin. Nege uur het dus verbygegaan.

Sy ervaar 'n ligte drukking direk teen haar hart, asof iemand se duim inwendig teen die orgaan druk. Vir haar is dit 'n bekende gevoel. Dis wanneer die kateter wat by haar nekaar tot in die linkerventrikel ingelaat is, die mikroweefsel van haar hartspier losknip.

oopmond_INNER.indd 9 2019/07/15 09:08

"Ons is amper klaar," herken sy dokter Cordier se rustige stem van agter sy masker.

Vaagweg flikker die herinneringe een vir een aan. Die aankoms by Groote Schuur-hospitaal. Die getjir van trolliewiele. Plafonligte wat in die gang oor haar flits. Haastige voetstappe wat haar vergesel. Angstige stemme.

"Het iemand vir Stian laat weet?" vra sy.

"Wie's Stian?" 'n Bruinoogverpleegster met 'n masker buig van die ander kant van die bed oor haar.

"Stian Verkuyl is my ou."

"Daar is 'n gespierde ou saam met jou ouers en jou sussie in die wagkamer."

"Swart hare?"

"Kort langs die kante," bevestig die verpleegster. "En grys oë."

"Ja, dis Stian."

Haar gedagtes swerf tot by die Hoërskool Panorama se sokkie, meer as drie en 'n half jaar gelede. Sy en Mondré Fourie skuifeldans in die middel van die saal.

'n Hardebaard-, swartkop-vreemdeling wikkel haar onverwags uit Mondré se arms los. "Dis nou my beurt, dude," sê hy vir Mondré, en vir haar: "Hi, ek is Stian Verkuyl."

Vir die res van die aand sit Mondré dikbek teen die saal se muur terwyl sy meisie en Stian Verkuyl elke liedjie met mekaar dans.

"Ek hoop daai pienkwang besef hy het jou klaar verloor," fluister Stian in haar oor.

oopmond_INNER.indd 10 2019/07/15 09:08

Hy is te oud vir hierdie sokkie, besef sy. Hy mag nie eens hier wees nie. Tog hoop sy hy bly die hele aand. Sy naskeermiddel, sy lengte, sy selfversekerdheid … Hy het haar totaal oorrompel.

"Ontspan, Madelaine," bring dokter Cordier se stem haar terug na die teater.

"Jou sussie lyk glad nie nie soos jy nie," sê die bruinoogverpleegster.

"Ek het nie 'n sussie nie. Ek het net 'n boetie gehad."

"Wie is die rooikop met die sproete en die helder, groen oë dan?"

"Wendy Kruger."

"O, jou vriendin."

"My bestie." Sy besef dis die verpleegster se taak om haar aan die praat te hou, maar 'n nuwe moegheid spoel oor haar. "Wendy het al twee leweroorplantings gehad."

Die verpleegster buk laer oor Madelaine. "Nou dan verstaan julle mekaar seker."

"Ons is soos sussies."

"Waar het jy haar ontmoet?"

"Ondersteunersgroep."

Daar het hulle uitgevind hulle het hul oorplantings op dieselfde dag gehad, maar sy het nie die krag om dit nou te sê nie.

"Wat het van jou boetie geword?"

"Pieter-Jan is dood voor hy 'n nuwe hart kon kry."

"Jy het 'n rowwe dag agter die rug, Madelaine," gryp dokter Cordier in. "Ons hou jou hier vir die naweek. As alles Maandag reg lyk, kan jy Woensdag terug wees

oopmond_INNER.indd 11 2019/07/15 09:08

by die skool." Hy verstel aan die binneaarse drup. "Nou kan jy verder rus."

"Ek sal vir Stian gaan kalm hou," terg die verpleegster. "Sweet dreams, Madelaine."

Sy sink in 'n diep slaap weg.

oopmond_INNER.indd 12 2019/07/15 09:08